VREEMDELING – WIE, EK?

HEBR 11:8-16

Ons het die afgelope tyd baie gehoor en gelees van die "vreemdelinge". **Wie is almal vreemdelinge?**

1. HEDENDAAGSE "VREEMDELINGE"
Ek haal aan uit die **koerant**: *"Vlgs verskeie bronne kan 'n vreemdeling soos volg van 'n landsburger onderskei word. Die persoon is:*
*'n inwoner van 'n land wat gebore is in of behoort tot 'n ander volk en wat nog nie burgerskap deur naturalisasie verkry het nie; of*
*iemand wat vervreem of uitgesluit is.*
*Dit beteken ook 'n nie-genaturaliseerde, vreemde inwoner van 'n land; iemand van 'n ander familie of plek; 'n persoon wat nie in 'n groep ingesluit is nie; 'n buitestaander."* (Die Burger, 28 Mei)
Hoewel baie mense seker vir die eerste maal verstaan wat **Xenofobie** beteken, is dit nie 'n nuwe verskynsel wat net tot SA of tot ons tyd beperk is nie. Daar was ook al vreemdelinge in die **Bybelse tye** en ons kry duidelike riglyne daarin hoedat hulle hanteer moes word.

2. VREEMDELINGE IN DIE OU TESTAMENT
In **Ps 94** roep die psalmis tot God – en miskien haal hy die woorde so uit ons mond: *"Here, God wat onreg straf, U wat onreg straf, verskyn tog! Kom, Regter van die aarde, reken af met die mense wat hulle teen U verhef. Hoe lank, Here, hoe lank sal die goddeloses hulle nog verlustig in die leed van ander mense? .... Hulle vermoor weduwees en vreemdelinge, hulle maak weeskinders dood en dink die Here sien dit nie…"* (:1,6-7)
Dat vreemdelinge destyds al **stief behandel** is, kan ons aflei uit voorskrifte soos die volgende wat ons bv in Lev en Deut teenkom: "*Wanneer daar 'n vreemdeling by julle in julle land woon, mag julle hom nie onderdruk nie. Julle moet hom soos 'n medeburger behandel en hom liefhê soos julleself. Julle was immers self ook vreemdelinge in Egipte. Ek is die Here julle God."* (**Lev 19:33-34)** En (**Deut 10:19)**: *"Jy moet ook die vreemdelinge liefhê, want jy was self 'n vreemdeling in Egipte."*
By die inwyding van die tempel hoor ons dat **Salomo** ook vir die vreemdelinge bid. Hy vra God: *"Luister ook na die vreemdeling wat nie uit u volk Israel is nie en, omdat hy gehoor het van u groot Naam, u mag en krag, selfs uit 'n ver land kom en na hierdie tempel toe bid. Luister tog uit die hemel, u woonplek, en doen alles wat die vreemdeling U in sy gebed vra, sodat al die volke van die aarde u Naam kan ken en ook aan U gehoorsaam kan wees net soos u volk Israel…"* (1 Kon 8:41-43) Dit was vir Salomo dus nb dat die vreemdelinge ook die ware God moes ken en gehoorsaam.

3. VREEMDELINGE IN DIE NUWE TESTAMENT

3.1 JESUS
Vlgs die NT het God, toe Hy sy Seun gestuur het om tussen ons te kom woon, self na 'n **vreemde omgewing** gekom. **Jesus** het as "Vreemdeling" baie slegte behandeling ontvang. Toe Hy en sy ouers na Egipte toe gevlug het, was Hy vir 'n tyd lank lett. 'n vreemdeling.

3.2 ONS WAS VREEMDELINGE T.O.V. GOD SE KONINKRYK

In **Paulus** se brief aan die Efesiërs herinner hy hulle (en ons) daaraan dat **ons almal** voorheen vreemdelinge en bywoners in God se koninkryk was: *"In die tyd was julle sonder Christus, <u>uitgesluit uit die burgerskap van Israel,</u> ver van God af, sonder deel aan die verbonde en beloftes wat daarmee saamhang, sonder hoop en sonder God in die wêreld."* (Ef 2:12) Nogtans het God ons nie verwerp nie, maar nader getrek en **burgers van sy koninkryk** gemaak. Daar staan: *"Maar ons is burgers van die hemel, van waar ons ook die HJC as Verlosser verwag."* (Fil 3:20)

3.3 ONS IS NOU VREEMDELINGE IN DIE WêRELD

Dit wil nie sê dat ons nou **nie meer** vreemdelinge is nie. **Die dag** toe ons burgers van God se koninkryk geword het, het ons vreemdelinge in hierdie wêreld geword. **Petrus** spreek sy lesers in die eerste vers van sy brief aan as *"vreemdelinge in die wrld".* (Toe ek julle aan die begin vd diens as vreemdelinge aangespreek het, was dit dus nie omdat ek julle so lanklaas in die kerk gesien het nie!) In dieselfde hfstk (:17) verwys hy na hulle *"tyd van vreemdelingskap in die wrld."* In H 2 stel hy dit pertinent: *"Geliefdes, in die wrld is julle vreemdelinge en bywoners."* Luister weer na Hebr 11: *"Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daaroor gejuig, en hulle het erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is."* (:13)

Ons is nog IN die wrld, maar ons is nie meer VAN die wrld nie. In die wrld draai alles om jou *eie beeld en status*, draai alles om die *wet van Transvaal,* gaan dit om *mag en eiebelang*.

Maar ons is nie van die wrld nie, want ons dien 'n **ander Here**. Ons praat 'n **ander taal** nl die van liefde en respek. Ons beoefen 'n **ander kultuur**, een van onselfsugtige diens. Ons dra 'n **ander beeld** uit, nl die van die HJ. Daarom is ons **vreemdelinge** in die skool, aan die kollege, by die werk!

4. OM AS VREEMDELINGE TE LEEF

**Hoe raak** die *feit* en die *besef* dat ons vreemdelinge op aarde is ons bestaan?

4.1 ONS KAN VYANDIGE REAKSIE VERWAG

Jesus waarsku dat ons **vyandige reaksie** kan verwag, 'n soort Xenofobie, noem dit maar 'n **"Christus fobie".** Nie-christene mag op ons neersien, met allerhande byname noem, spot, verwerp, vervolg. Jesus bid tot sy hemelse Vader: *"Ek het u woord aan hulle gegee, en die wrld <u>haat</u> hulle, omdat hulle nie tot die wrld behoort nie, net soos Ek ook nie tot die wrld behoort nie."* (Joh 17:14) Hulle is soos *skape tussen wolwe* (Matt 10:16). **Petrus** verduidelik dit soos volg: *"Nou vind die heidene dit vreemd dat julle nie langer met hierdie stroom van losbandigheid saamgaan nie, en hulle beswadder julle."* (1 4:4) Daarom dat hy sê: *"Geliefdes, moenie verbaas wees oor die vuurproef waaraan julle onderwerp word nie. Dit is nie iets vreemds wat met julle gebeur nie."* (:12)

4.2 DIT LAAT ONS VOLHARD

Die wete dat hulle hier op aarde maar net vreemdelinge is, het vir Abr en die ander gelowiges van wie ons in Hebr 11 lees, gehelp om te kan **volhard in gehoorsaamheid** onder moeilike omstandighede. Ons lees bv van Moses: *"Hy het verkies om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om die kortstondige genieting van sonde te hê. Die smaad twv die Christus het hy 'n groter rykdom geag as die skatte van Egipte, omdat hy na die beloning uitgesien het. Omdat*

*hy geglo het, het hy Egipte verlaat sonder dat hy vir die woede van die koning bang was. Hy het volhard soos iemand wat die onsterflike God sien."* (:25-27)

4.3 DIT KAN ONS VREEMDE KEUSES LAAT MAAK
As vreemdelinge wat oppad is na 'n hemelse vaderland, sal ons ook soos Moses soms **vreemde keuses** maak, keuses wat nie vir die wrld sin maak nie, soos om '**n maagd** te bly totdat ek getroud is, of om nie deel te neem aan **losbandige partytjies** nie. Mense met 'n hemelse burgerskap se **waardes en doel** in die lewe sal noodwendig anders wees as mense wat net 'n aardse burgerskap het.

4.4 DIT LAAT ONS LIEWER SKATTE IN DIE HEMEL BYMEKAAR MAAK
Baie vreemdelinge het die afgelope tyd al hul **aardse besittings** verloor. As vreemdelinge sal nie NET ons s'n nie, maar sal ons besittings OOK **skade ly** agv die optrede van diewe en misdadigers. Niemand se besittings is **100% veilig** nie – ook nie eers in 'n kluis in die bank nie. Die HJ het dit daardie tyd al geweet en as vreemdelinge in hd wrld is **sy raad** aan ons vandag van meer belang as ooit: *"Moenie vir julle skatte op aarde bymekaar maak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie. Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees."* (Matt 6:19-21)
**Hoe maak** 'n mens vir jou skatte in die hemel bymekaar? Deur die *wil* van God te doen, deur *liefdesdade*, deur *"vreemde" optrede* soos die van die Barmhartige *Samaritaan* en *Saggeus* na sy bekering.

4.5 DIT GEE ONS SEKERHEID DAT ONS LEWENS VIR EWIG VEILIG IS
Ongeveer 62 vreemdelinge het hul **lewens** die afgelope weke **verloor**. As burgers van die hemel en vreemdelinge op aarde is ons ook *nie ons lewe seker* nie. Behalwe **Henog en Elia** weet ek nie van een ander persoon wat die dood vrygespring het nie. Dit kan gewelddadig wees of weens siekte of ouderdom. Daar is nêrens 'n vlugtelingkamp of polisiestasie of kerkgebou of hospitaal waar 'n mens vir altyd teen die dood beskerm kan word nie. Ons **beste en enigste ware sekuriteit** is om seker te maak dat ons *lewens in die hande van die Here* is. Niks en niemand sal ons weer daaruit ruk nie (Joh 10:28). Het JY al DAARVAN seker gemaak?
In Hebr 11 word verhaal van gelowiges wat hd sekuriteit gehad het en daarom nie die prys vir hul eie vrylating wou betaal nie en doodgemartel is, want *"hulle wou die opstanding tot 'n beter lewe deelagtig word."* (:35) En dan staan daar: *"Die wrld was hulle nie werd nie ..."* (:38)

4.6 DIT MAAK ONS SIMPATIEK TEENOOR ANDER VREEMDELINGE
Ons sal **simpatie betoon met ander vreemdelinge** – omdat hulle ook ons *naaste* is en *God* dit van ons vra, omdat *onsself* ook vreemdelinge was en steeds is.
**Profetiese rede** oor die laaste oordeel: **Lees Mt 25:34-40**.

5. TERUGKERENDE VREEMDELINGE AS SENDELINGE!
Geliefdes, met **watter beeld van die Suid-Afrikaners** keer die vreemdelinge na hulle lande toe terug? Dis dalk nie so nb nie as om te vra: **Met watter bdskp aangaande die kerk en die christene** keer hulle na hulle lande toe terug?
Sal dit nie wonderlik wees as die vreemdelinge wat na hulle lande van herkoms terugkeer, daar sal kan gaan vertel van die **Jesus** wat hulle hier in SA ontmoet het en die **Jesusgesindheid** wat hulle by die christene van SA ervaar het nie! Kom ons **bid**

dat daar onder die vreemdelinge wat na hulle lande toe teruggaan, sommer baie **sendelinge** sal wees!

Amen.

GESPREKSVRAE

Lees weer die Skrifgedeelte

1. Watter gedagte(s) in die preek staan vir jou uit? (Noem maar weer vir almal die hoofpunte om die geheues te verfris)

2. Beleef jy jou bestaan as die van 'n vreemdeling op aarde? Waarom, of waarom nie?

3. Wil al die misdaad en geweld ons dalk herinner om nie te veel waarde te heg aan aardse lewe en skatte nie? Het dit nie vir ons TE belangrik geword nie?

4. Kan dit dalk deel wees van God se plan dat die vreemdelinge in SA geestelik toegerus moet word om dan as sendelinge na hulle lande toe terug te keer?

5. "As al die Suid-Afrikaanse christene in die buiteland net hul sendingroeping vervul, het ons nie nog meer sendelinge nodig nie." Bespreek.